



## BELEID INSAKE DIE INDIREKTE KOSTEVERHALINGSKOERS (IKVK) TEN OPSIGTE VAN DERDEGELDSTROOMINKOMSTE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US)

<b>Beleidsverklaring</b>	
Doel	Indirekte kosteverhaling op Derdegeldstroominkomste
Tipe dokument	Beleid
Aanvangsdatum	01/10/2013
Datum van volgende hersiening	01/01/2015
Hersieningsgeskiedenis	Vervang die 12% Toeslagbeleid op Bruto Derdegeldstroominkomste (tans punt 2.23 van die Finansiële Beleid)
<b>Eienaarskap van beleid</b>	
Eienaar van beleid <sup>1</sup>	Bedryfshoof
Bewaarder van beleid	Hoofdirekteur: Finansies
Datum van aanvaarding	30 September 2013
Aanvaar deur	Stellenbosch Universiteitsraad
Sleutelwoorde	Indirekte Kosteverhalingskoers (IKVK), Derdegeldstroominkomste

<sup>1</sup> Aanvanklik sal die Bedryfshoof s op instellingsvlak as beleidseienaar verantwoordelikheid aanvaar.

## INHOUD

## Bladsy

1. Konteks van die Indirekte Kosteverhalingskoers (IKVK)	1
2. Bepalings van die IKVK-beleid	2
(A) Staatssubsidies en ander staatsbefondsing	2
(B) Gesekondeerde poste in die konteks van navorsingskontrakbestuur	3
(C) Merietegebaseerde pryse	3
(D) Terugbetaling van reis- en verblyfkoste	3
(E) Skenkings	3
(F) Beursinkomste	3
(G) Sport	3
(H) Drukkersfooie van studente (rekenaargebruikersareas) en handboekverkope via Afdeling Studentegelde	4
(I) DeurvloEIFondse	4
(J) Toerusting	4
(K) Beperking van die IKVK volgens die beleid van befondsingsinstansies	4
3. Institusionele verdeling van die IKVK op Bruto Derdegeldstroominkomste	5
4. Volkoste	5
5. US-beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom	5

### Bylaes:

A: Institusionele verdeling van die IKVK op Bruto Derdegeldstroominkomste	6
B: Goedkeuringsproses vir vermindering of vrystelling van die IKVK	8
C: Befondsingsagentskappe waarvoor die IKVK tans op 'n verlaagde vlak vasgestel is (word aangepas na aanleiding van hierdie befondse se bepalings in dié verband)	9

## 1. KONTEKS VAN DIE INDIREKTE KOSTEVERHALINGSKOERS (IKVK)

Die Universiteit Stellenbosch (US) het op 19 Januarie 2004 'n stelsel in werking gestel om oorhoofse koste met betrekking tot derdegeldstroominkomste in die vorm van 'n toeslag te verhaal. Aangesien die US grootliks van buitelandse afhanklik is om mededingende onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie te onderneem, word akademici aangemoedig om buitelandse te bekom en sodoende die kernbedrywighede van die US te bevorder. Onderrig-, navorsings- en gemeenskapsinteraksieprojekte wat uit buitebronne befonds word, gaan egter met bepaalde indirekte koste gepaard, en die beweegrede vir die IKVK is dus om hierdie indirekte koste te verhaal en die Universiteit sodoende as 'n finansiële volhoubare onderneming te bestuur. Indirekte koste sluit onder andere die koste van die volgende dienste in: regsdiens, finansiële dienste, menslikehulpbrondienste, navorsingsbestuursteundienste, informasietegnologiese dienste, toegang tot biblioteekmateriaal, ondersteuning met sake rakende intellektuele eiendom, ensovoorts.

'n Verdere aspek wat tot die vereiste van indirekte kosteverhaling bydra, is die nasionale wetgewing ten opsigte van intellektuele eiendom, oftewel die Wet op Intellektuele Eiendomsreg uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008 (hierna 'die IER-wet'), wat vereis dat instansies wat publieke befondsing ontvang in bepaalde omstandighede die volkoste ten opsigte van kontraknavorsing verhaal. Die vereistes ten opsigte van volkoste word volledig uiteengesit in die US se Beleid vir die Bepaling van Volkoste vir Navorsing en Navorsingsverwante Kontrakte (hierna 'die Volkostebeleid'), wat saam met hierdie dokument gelees moet word en waarvolgens die IKVK as 'n komponent van volkoste verhaal word.

In aansluiting by bogenoemde wetgewing is 'n nasionale benadering ten opsigte van die berekening van IKVK vir alle publieke hoërsonderwysinstellings in Suid-Afrika goedgekeur. Hierdie benadering is goedgekeur deur die Nasionale Intellektuele Eiendomsbestuurskantoor (NIPMO), 'n kantoor wat ingevolge die IER-wet daargestel is om juis dié wet in werking te stel. Die US sal dus voortaan die IKVK op 'n meer akkurate en genuanseerde wyse as in die verlede, op grond van werklike inligting uit sy finansiële state, bereken. Daarom kan die IKVK ook meer gereeld aangepas word om die werklike indirekte koste met betrekking tot derdegeldstroominkomste te weerspieël. 'n Bepaalde koers sal dus vir hoogstens twee jaar ná die inwerkingtreedingsdatum daarvan geld vir alle nuwe kontrakte wat gesluit of ander derdegeldstroominkomste wat ontvang word (maar kan ook meer gereeld hersien word). Die IKVK sluit dan ook voortaan die ruimte- en fasiliteitsbestuurskoste met betrekking tot derdegeldstroominkomste in, wat nié voorheen die geval was nie.

Die berekening van die volkoste verbonde aan navorsingsprojekte sal verpligtend wees, soos wat die US se Volkostebeleid reeds bepaal. Voormelde beleid maak egter ook voorsiening dat 'n alternatiewe prys (anders as die berekende volkoste) vasgestel kan word, behalwe waar die IER-wet vereis dat die volkoste van 'n navorsingskontrak verhaal word. Die verhaling van volkoste dra by tot 'n meer volhoubare benadering ten opsigte van die uitvoering van projekte wat deur eksterne entiteite befonds word.

## **2. BEPALINGS VAN DIE IKVK-BELEID**

'n IKVK word op alle bruto derdegeldstroominkomste toegepas. Bruto derdegeldstroominkomste sluit in dié konteks die volgende in:

- Navorsing- en navorsingsverwante kontrakte
- Diverse navorsing, oftewel navorsing waarvoor daar geen kontrak bestaan nie
- Konsultasiedienste
- Borgskappe
- Alle ander produk- en diensverkope (wat kortkursusse en konferensies insluit)

Die IKVK is van toepassing op alle omgewings binne die Universiteit, akademies sowel as nie-akademies. Dit sluit ook omgewings in wat met die Universiteit verbind word en van die US se dienste gebruik maak.

Omgewings behou die reg om bykomende heffings te plaas op derdegeldstroombefondsing vir aktiwiteite wat nie 'n voldoende direkte bydrae tot die kernaktiwiteite van die US lewer nie. Benewens die verhaling van indirekte koste, kan 'n fakulteit byvoorbeeld 'n bykomende heffing plaas op navorsingskontrakte wat nie voldoende akademiese uitsette lewer nie.

Daar is egter bepaalde uitsonderings ten opsigte van die toepassing van die IKVK op sekere befondsingsbronne en/of -aanwendings, wat hieronder bespreek word:

### **(A) STAATSUBSIDIES EN ANDER STAATSBEFONDSING**

Staatsbefondsing in die vorm van 'n staatsubsidie of geormerkte toekenning deur die staat is eerstegeldstroominkomste, en is dus nie aan IKVK onderworpe nie. Alle ander staatsbefondsing is, soos enige ander derdegeldstroominkomste, onderworpe aan die IKVK.

## **(B) GESEKONDEERDE POSTE IN DIE KONTEKS VAN NAVORSINGSKONTRAKBESTUUR**

Fondse wat geormerk is vir gesecondeerde poste is vrygestel van die IKVK. 'n Gesecondeerde pos is wanneer 'n persoon deur 'n buite-instansie aangestel en dan gesecondeer word na die US. In so 'n geval betaal die buite-instansie die vergoedingskomponent via die US aan die personeellid.

## **(C) MERIETEGEBASEERDE PRYSE**

Geen IKVK word op enige merietegebaseerde pryse soos die Oppenheimer-prys gehef nie.

## **(D) TERUGBETALING VAN REIS- EN VERBLYFKOSTE**

Indien 'n ander instansie vir 'n personeellid se reis- en verblyfkoste verantwoordelik is, maar die koste word voorlopig deur die Universiteit gedek totdat 'n terugbetaling gemaak word, is hierdie terugbetaling vrygestel van die IKVK. Indien die reis- en verblyfkoste egter deel uitmaak van 'n navorsingsooreenkoms, sal daardie reis- en verblyfkoste nie vrygestel wees van die IKVK nie.

## **(E) SKENKINGS**

Bona fide-skenkings wat via die Universiteit se skenkingskantoor gemaak word, is vrygestel van die IKVK.

## **(F) BEURSINKOMSTE**

Indien die navorsingstoekenning 'n beursbedrag insluit, is hierdie beursbedrag vrygestel van die IKVK, en moet dit apart op die faktuur aan die befondser getoon word (rekening 5387). Alle ander beursbefondsing, wat nie met 'n navorsingskontrak verband hou nie, is ook vrygestel van die IKVK.

## **(G) SPORT**

Die ledegeld wat sportklubs ontvang, is vrygestel van die IKVK.

## **(H) DRUKKERSFOOIE VAN STUDENTE (REKENAARGEBRUIKERSAREAS) EN HANDBOEKVERKOPE VIA AFDELING STUDENTEGELDE**

Drukkersfooie van studente en handboekverkope via die Afdeling Studentegelde is vrygestel van die IKVK.

## **(I) DEURVLOEIFONDSE**

In gevalle waar die Universiteit as deel van 'n konsortium fondse ontvang en 'n gedeelte van daardie fondse weer direk na ander instansies uitvloei, word sodanige gedeelte as deurvloEIFONDSE beskou. Die inkomste val dus nie die US toe nie, en die US tree slegs op as 'n agent. Die betaling van fondse aan 'n subkontraakteur wat nie tot 'n konsortium behoort nie, is egter nie deurvloEIFONDSE nie. DeurvloEIFONDSE is nie vrygestel van die IKVK nie, maar daar kan wél deur middel van die proses in **Bylae B** om vrystelling of vermindering van die IKVK aansoek gedoen word. Goedkeuring vir die vrystelling of vermindering moet voor die finale ondertekening van die kontrak verkry word. Die bedrag wat egter nie na ander instansies oorbetaal word nie, maar binne 'n US-kostepunt bestuur word, sal wél onderworpe wees aan die volle IKVK.

## **(J) TOERUSTING**

Die IKVK is ook van toepassing op fondse vir toerusting wat deel uitmaak van die direkte koste van die begroting vir 'n derdegeldstroomprojek (byvoorbeeld 'n navorsingskontrak of kortkursus). In uitsonderlike gevalle waar toerusting 'n wesenlike deel van die begroting uitmaak, kan daar om vrystelling of vermindering van die IKVK op die toerustingkomponent aansoek gedoen word. Die aansoek geskied deur middel van die proses in **Bylae B**.

## **(K) BEPERKING VAN DIE IKVK VOLGENS DIE BELEID VAN DIE BEFONDSINGSINSTANSIES**

Enkele befondsingsagentskappe plaas beperkings op indirekte kosteverhaling. Waar sodanige befondsingsagentskap op die institusionele lys (**Bylae C**) verskyn, word so 'n bepaling tans deur die US erken. In hoogs uitsonderlike gevalle waar ander befondsinginstansies volgens hul amptelike beleid 'n beperking plaas op die verhaling van indirekte koste met betrekking tot projekte wat hulle befonds word, moet daar formeel aansoek gedoen word om die vermindering van die IKVK deur middel van die proses in **Bylae B**.

### **3. INSTITUSIONELE VERDELING VAN DIE IKVK OP BRUTO DERDEGELDSTROOMINKOMSTE**

Die IKVK word toegedeel aan die omgewings waar die koste aangegaan is. **Bylae A** bevat 'n uiteensetting van die toedeling wat vir alle derdegeldstroominkomste geld.

### **4. VOLKOSTE**

Die IKVK is 'n standaard-lynitem wat in 'n volkostebegroting in berekening gebring moet word. Geen vrystelling sal verleen word wanneer 'n projek as gevolg van 'n spesifieke intellektuele eiendomstransaksie teen volkoste bereken moet word nie. Vir meer inligting oor die Volkostebeleid, raadpleeg <http://www0.sun.ac.za/research/navorsingskontrakte/finansile-inligting/opstel-van-begrotings-volkoste.html>.

### **5. US-BELEID INSAKE DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM**

Die IKVK-beleid moet saamgelees word met die US-beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom.

## **BYLAE A: INSTITUSIONELE VERDELING VAN DIE IKVK OP BRUTO DERDEGELDSTROOMINKOMSTE**

Die IKVK beloop 17% van omset (21% van direkte koste). Dit het betrekking op die volgende koste en word soos volg verdeel:

1. Die steun- en institusionele uitgawes wat deur die eerste- en tweedegeldstroominkomste befonds word, beloop 12,2%. Gevolglik moet 12,2/17 (12,2 persentasiepunte, of 72% van die IKVK) aan die hoofbegroting toegedeel word, waar dit as 'n inkomstelyn op die hoofbegroting sal verskyn en volgens die toepaslike begrotingstoedelingsmodel verdeel sal word.

Die uitgawes waarna hierbo verwys word, sluit onder andere die volgende koste in:

- Menslikehulpbrondienste
- Oorhoofse finansiële dienste
- Informasietegnologie-en-kommunikasiedienste en -steun
- Regsdienste
- Kommunikasie- en skakelingsdienste
- Biblioteekdienste
- Nagraadse en Internasionale Kantoor
- Oorhoofse navorsingsondersteuningsdienste
- Navorsingstoekennings aan subkomitees A, B en C
- Bankkoste, ouditfooie
- Alle versekering (onder andere aanspreeklikheid, bates, transito), behalwe geboueversekering
- Kampusgesondheidsdienste
- Maties Sport en sportterreine
- InnovUS (steunverwante bedryfskoste)

2. Die koste wat deel uitmaak van die IKVK, maar wat reeds deur die fakulteite/verantwoordelikhedsentrums gedek en van die kliënt/befondser verhaal moet word, beloop 4,6%. Gevolglik moet 4,6/17 (4,6 persentasiepunte, of 27% van die IKVK) direk toegedeel word aan die omgewing (akademies én nie-akademies) waar die derdegeldstroominkomste verdien word. Hierdie gedeelte word direk toegedeel aan die omgewings wat die inkomste genereer (kostepunt gekoppel aan die dekaan of verantwoordelikhedsentrum- (VS-)hoof in die Rektor se



Bestuurspan (RBS) onder wie die departement/afdeling val waar die inkomste gegenerer word) voordat die res van die IKVK verdeel word.

Die koste wat reeds deur die omgewings gedek word, bestaan onder ander uit die volgende:

- Fasiliteitsbestuurs-en-beplanningsdienste
- Instandhouding van geboue
- Sekuriteitsdienste
- Versekering van geboue
- Koste van munisipale dienste, soos water, elektrisiteit, eiendomsbelasting, ensovoorts

3. Die steunkoste van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) wat deel uitmaak van die IKVK en direk uit die IKVK-toedeling befonds word, beloop 0,2%. Gevolglik moet 0,2/17 (0,2 persentasiepunte, of 1% van die IKVK) direk toegedeel word aan 'n sentrale navorsingsfonds, wat na die goeddunke van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) ter ondersteuning van navorsing- en navorsingsverwante aktiwiteite aangewend kan word.

## **BYLAE B: GOEDKEURINGSPROSES VIR VERMINDERING OF VRYSTELLING VAN DIE IKVK**

Die proses vir die goedkeuring van enige afwykings van die IKVK sal slegs geld indien dit onder een van die kategorieë in die beleid val waarvoor daar uitdruklik om vermindering of vrystelling van die IKVK aansoek gedoen mag word. In sulke gepaste gevalle is die proses soos volg:

'n Volledige aansoek moet aan die Senior Rekenmeester: Finansiële Dienste gestuur word, wat dit na die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie en die Direkteur: Finansiële Dienste sal verwys. Indien daar volledig aan al die maatstawwe hieronder voldoen word, sal hierdie aansoek vir oorweging aan die Viserektor (Navorsing en Innovasie) en die Bedryfshoof voorgelê word.

Die hoofnavorsers of koördineerder van die projek moet die volgende inligting verskaf en by die aansoek insluit:

- 'n Kort opsomming van die (navorsing)kontrak, die strategiese belang daarvan vir die betrokke omgewing en die Universiteit, sowel as die betrokke kontrakbedrag. Hierdie opsomming moet ook duidelik toon watter akademiese uitsette (navorsingspublikasies, nagraadse studente) of ander toepaslike uitsette die kontrak tot gevolg sal hê.
- 'n Afskrif van die volledige kosteberekening van die projek
- Bewys van die betrokke befonders se amptelike beleid (indien beskikbaar) wat daardie befonders se bepalings met betrekking tot indirekte kosteheffings beskryf
- 'n Volledige motivering van die betrokke dekaan of lynbestuurder, waarin daar bevestig word:
  - o dat die betrokke befonders na 'n langtermynverhouding met die US streef wat uitsonderlike akademiese uitsette sal oplewer;
  - o dat die kontrak in die US se strategiese belang is;
  - o dat daar bewys gelewer is van statutêre bepalings wat die heffings beperk; en
  - o dat die omgewing bereid is om die inkomste-aandeel van die IKVK te verbeur.

Die Viserektor (Navorsing en Innovasie) en die Bedryfshoof sal slegs in gepaste gevalle so 'n IKVK-vermindering of -vrystelling oorweeg.

**BYLAE C: BEFONDSINGSAGENTSAPPE WAARVOOR DIE IKVK TANS OP 'N VERLAAGDE VLAK VASGESTEL IS**

Die volgende tabel sal slegs met die goedkeuring van die Viserektor (Navorsing en Innovasie) en die Bedryfshoof aangepas word.

<b>INSTANSIE</b>	<b>VEREISTES VAN INSTANSIE</b>	<b>US-SIENING</b>
<b>Befondsing vanaf Suid-Afrikaanse staatsinstansies</b>		
Technology and Human Resources for Industry Programme (THRIP)	10% van totale begroting (dus industriebedrag + THRIP-bedrag)	Die <b>IKVK word wél</b> op die industrie-gedeelte van die inkomste verhaal, maar nie op die NNS-gedeelte nie.
Alle programme van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) (wat THRIP uitsluit)	0%	0%
NNS/Nasionale Lasersentrum	0%	0%
<b>Navorsingstigtings en -trusts</b>		
Wellcome Trust	0%	0%
<b>Navorsingsinstansies</b>		
National Institutes of Health (NIH)	8% van totale direkte koste, wat toerusting uitsluit	8% van totale direkte koste, wat toerusting uitsluit
<b>Groot nasionale en internasionale maatskappye</b>		
ESKOM TESP	2%	2%
ESKOM BRAD	2%	2%